**Vrydag 6 Desember**

| **Skrifgedeelte: Openbaring 1:1-3; 14:9-13; 16:12-16; 19:5-10; 20:1-6; 22:6, 7, 10-21** | **Fokusgedeelte: Openbaring 1:1-3** |
|---|---|

## Jesus verskyn tot ons verlossing (6)

Mense wat geestelik aan die slaap is, word deur die duiwel en sy magte onkant gevang. Daar gaan ’n tyd kom – en dit skemer al deur – dat mense nie meer glo in die wederkoms van die Here nie en dit ook nie meer afwag nie. Daarom waarsku die Here sy kerk: Moenie verslap of aan die slaap wees nie. Verwag my enige oomblik, want Ek kom soos ’n dief.

*“Kyk, Ek kom soos ’n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie”* (Op. 16:15).

In daardie tyd het mense kaal geslaap. As daar skielik in die nag ’n dief in die huis inkom, het hy die huismense sonder klere betrap. Dit is waarna die Here hier verwys: Die een wat sy klere reghou, is die een wat só ingegrawe is in die woord van die Here dat hy altyd gereed is om die Here te kan ontmoet. Hy is nie deur die wêreld en die nuutste strome weggespoel sodat hy die heilsklere wat die Here Jesus Christus vir hom gegee het, uitgetrek het, en hy nou in die skande is omdat hy van sy insigte prysgegee het vir verkeerde dinge nie.

Dink daaraan: Die Here Jesus het sonder klere aan die kruis gehang, sodat ons met sy heerlikheid beklee kan word wanneer ons tyd op die aarde verstryk.

*Sing: Psalm 116-1:7*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*